

Sing vooraf staande: Psalm 27:1, 4 (p. 126)

- 1 God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie; / Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie, / want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop / in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet, / en stort terneer omdat hul God vergeet.
- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / "O soek die HEER, die bron van lig en krag."
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:3, 4 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnenst', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, / verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / onsondig, HEER, onsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Gebed

Skrifberyming 9-6:4, 5, 7 (20:4, 5, 7)

- 4 Ons weet die ganse skepping sug – / geluidloos deur die hoë lug
en afgrond diep benee, / maar yslik as die stormwind brul,
die slagdier in sy bloedplas krul / en kerm die ewegee wee.
- 5 Maar ons ook wat die eerst'lingsvrug / uit God se Gees ontvang, ons sug;
dit lyk so ver nog af / dat ons ons kindsdeel vol sal kry,
dat ons van die verderf'nis vry, / sal oprys uit die graf.
- 7 En is ons swak en moedeloos, / dan kom die Heil'ge Gees ons troos.
Gods duif, so hoog van vlug, / het diep gedaal om saam te smeek,
in donker dal saam uit te breek / in diepe bidgesug.

Skriflesing: 1 Samuel 12:1-25

Kernverse: 1 Samuel 12:24-25

Wees net gehoorsaam aan die Here en dien Hom opreg en met julle hele hart. Let op die groot dinge wat Hy vir julle gedoen het. Maar as julle opsetlik verkeerd doen, sal julle sowel as julle koning uitgewis word.

(1 Samuel 12:24-25 AFR83)

Tema: Alleen die Here se trou en genade is die waarborg vir ons verlossing

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, 'n mens se eie sondige hart kan nogal parte speel met 'n mens. Party mense het die manier om beloftes van groter gehoorsaamheid en beter toewyding aan die Here te maak, as die Here hulle maar net uit hulle ellende sal vrymaak. Hierdie mense maak dié beloftes veral wanneer hulle in groot nood verkeer as gevolg van hulle sonde. As die Here hulle maar net sal vergewe en verlos, sal hulle regtig harder probeer om getrou aan die Here te lewe.

Dan is daar ook ander mense wat deur die genadige werk van die Heilige Gees deur die Woord van die Here tot die besef kom watter geweldige sonde hulle teen die Here gepleeg het. Maar in plaas daarvan dat hulle ook die kruis van Jesus Christus raaksien wat die Heilige Gees vir hulle in die Woord wys, verstar hulle in hulle skuld. Hulle sien die sonde wat hulle gepleeg het so oorweldigend groot dat hulle oortuig is dat daar nie 'n manier is dat hulle van hierdie sonde verlos en vir hierdie skuld vergifnis kan ontvang nie.

Miskien sien jy nou al die probleme in albei hierdie situasies raak. In die eerste situasie glo die mens dat hy net harder moet probeer en dan sal hy die seën van die Here in verlossing en vergifnis kan kry. In die tweede situasie word die mens so vasgevang in die skuld van die verlede dat dit vir hom onmoontlik raak om daaruit los te kom. Hierdie twee maniere van hantering is ook maniere van die Satan om ons te pootjie in ons diens aan die Here. Satan wil graag hê dat ons lewe in die verlede of in die toekoms moet verstar, solank ons net nie nou die Here met alles wat ons is en het dien nie. In hierdie Skrifgedeelte leer die Here ons onder andere dat ons niks aan die verlede kan doen nie. En ons kan ook nie vandag al ons diens in die toekoms aan die Here verrig nie.

Geliefde broers, susters en kinders, die eerste keer toe ons by hierdie Skrifgedeelte vertoef het, het die Heilige Gees ons daarop gewys dat dit nie saak maak wie as leier van die volk optree nie – die Here bly steeds die Koning van sy volk. In die tyd van die rigters, so het Samuel dit uit die geskiedenis aangetoon, was dit telkens die Here wat sy volk uit hulle benoudheid gered het. Die feit dat die volk nou 'n koning gekry het wat inderdaad deur die Here oor hulle aangestel is, beteken geensins dat die Here nou sy Koningskap aan die nuwe koning afgestaan het nie. Die Woord en Wet van die Here wat voorheen gegeld het, geld nog steeds, al is Saul die koning. Daarom is die verlossing van die volk in die toekoms net by die Here te vinde en nie by die koning wat nou regeer nie.

Wanneer Samuel dan die eerste deel van sy afskeidsboodskap afsluit met hierdie woorde:

Hier is dan nou die koning vir wie julle verkies het, op wie julle aangedring het. Kyk, die Here het 'n koning oor julle aangestel (1 Samuel 12:13 AFR83),

vervolg hy dadelik met die eerste van drie oproepe om aan die Here alleen gehoorsaam te wees.

Geliefdes, ons het al voorheen opgemerk dat dit vir ons onmoontlik is om nie aan die slegte en sondige optrede van Saul te dink wanneer ons van hom lees nie. Ons het ook uit die Bybel agtergekom dat hy nie regtig in so 'n hegte verhouding met die Here geleef het nie. Tog was dit vir hóm wat die Here gekies het om as regeerder oor Israel op te tree. Met

hierdie kennis van Saul onthou ons ook dat ons God almagtig is. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy kan 'n krom en skewe stok gebruik om 'n reguit hou te slaan. Die Here kan dus ook vir Saul, hierdie krom en skewe mens, getrou maak aan Hom. Wanneer 'n mens dan tot by 1 Samuel 11 gelees het, wil 'n mens tog die afleiding maak dat dit aan die gebeur was binne-in Saul. Onder leiding van die Heilige Gees het hy die vyand van die Here en die Here se volk oorwin. En tog het hy dit in daardie stadium nie gesien as sy eie prestasie nie, want hyself sê: **Vandag het die Here uitkoms gegee in Israel** (1 Samuel 11:13 AFR83).

Die feit dat die Here vir Saul tot koning gesalf het in Israel, het dus nie beteken dat Saul nou bo die volk verhewe geraak het nie. So het Saul dit ook uitgeleef nadat hy gesalf is. Hy het nog net soos vroeër self die werk in die landerye gedoen. Maar die waarskuwing is reeds gegee (1 Sam 8:11-17). En die Here het die waarskuwing vroegtydig gegee nog voordat Saul as koning gesalf is, want die Here ken die sondige hart van die mens. Die koning kan homself verhewe sien bokant die volk en die volk dan so te sê sy slawe maak. Maar selfs hierdie waarskuwing wat Samuel op bevel van die Here uitgespreek het, het nie die volk laat afsien van hulle begeerte om 'n koning te wil hê nie. Hulle het by Samuel daarop aangedring om 'n koning te kry.

Tot nou toe het Samuel nog nie een keer direk vir die volk gesê dat hulle 'n sonde gedoen het deur op 'n koning aan te dring nie. Toe die volk die eerste keer kom vra het dat Samuel 'n koning oor hulle moet aanstel, het Samuel net vir die Here gesê dat Israel nou verkeerd en sondig optree. En die Here het dit aan Samuel bevestig deur vir hom te sê:

Hulle het jǒu nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle.
(1 Samuel 8:7 AFR83)

In die eerste deel van sy afskeidsboodskap het Samuel nog net tussen die lyne laat blyk dat Israel 'n sonde gedoen het deur vir 'n koning te vra. Samuel het uit sy eie optrede wat opreg en eerlik is, gewys dat dit nie nodig was om vir 'n koning te vra nie. Hy het ook uit die geskiedenis aangetoon dat die Here nog altyd getrou was teenoor die volk wat Hy vir Homself uitgekies het. Hy het hulle nog altyd uit hulle ellende verlos as hulle weens hulle sonde na Hom om hulp geroep het. Israel kon dus ook nie aanvoer dat die Here hulle in die steek gelaat het en daarom hulle 'n koning moes kry nie.

Terwyl die volk nou baie opgewonde is en groot blydschap het oor die nuwe koning se oorwinning oor die Ammoniete stel die Here die sake weer in perspektief. Met hierdie eerste oproep tot gehoorsaamheid maak die Here duidelik dat sy manier om met sy volk te werk en wat Hy van hulle verwag, nie verander het noudat hulle 'n koning het nie. Die seëninge en strawwe wat die Here nog destyds deur Moses aan sy volk bekend gemaak het – hierdie seëninge en strawwe is in Deuteronomium 28 opgeteken – geld steeds en Samuel vat dit bondig saam in vers 14 en 15. Die koning is nie verhewe bo die volk nie. Die hele volk sowel as hulle koning word opgeroep om die Here te gehoorsaam, dan sal die Here God by hulle wees. Maar, gaan Samuel verder:

as julle nie na die stem van die Here luister nie en ongehoorsaam is aan die bevel van die Here, sal die Here teen julle wees, soos teen julle voorvaders.
(1 Samuel 12:15 AFR83)

Om dan vir die volk wat nog nie die erns van hulle sondige wens beseft het nie te wys hoe ernstig dit is, roep Samuel tot die Here sodat Hy donderslae en stortreën gee. En dan voeg Samuel by:

Kyk daarna en beseft dan dat julle in die oë van die Here 'n baie verkeerde ding gedoen het deur vir julle 'n koning te vra. (1 Samuel 12:17 AFR83)

Hierdie saak oor die koning is 'n ernstige saak vir die Here, en nou sal die volk ook beseft hoe ernstig dit is.

Die Here het op dieselfde dag donderslae en stortreën gegee (1 Samuel 12:18 AFR83) in die

stadium toe die koring geoes moet word. Die volk het toe besef dat dit nie 'n goeie ding sal wees as hulle nie na Samuel gaan luister nie. Hy is die profeet van die Here wat sy werk getrou uitvoer. Maar nog meer – die volk het ook besef dat voorspoed en teespoed uit die hand van die Here kom. Dit is nie die afgod Baäl wat die weerpatrone beheer nie. Die Here is in beheer van die weerpatrone. Hy gee sonskyndae en Hy gee storms.

Na die grootse oorwinning oor die Ammoniete het Israel gedink die koning is net die man wat hulle gesoek het. Hy sal die sleutel tot hulle sukses wees, want hy sal hulle verlos van die verdrukkers en aan hulle voorspoed gee. Die Here herinner vir Israel en vir ons dat Hy uiteindelik die Een is wat teespoed oor ons laat kom, en Hy is die Een wat voorspoed oor ons gebied. Ellende en teespoed is die gevolg van die mens se sonde. Voorspoed en seën kom ons egter nie toe omdat ons gehoorsaam aan die Here is nie, maar omdat God genadig is. Israel se voorspoed is nie die gevolg van Israel se gehoorsame lewe nie, maar omdat Israel in hulle ellende tot die Here geroep het om uitkoms. Israel se toewyding aan God en hulle diens aan Hom is die vrug van God se genade en nie die rede hoekom God hulle seën nie.

Israel het te veel op die nuwe koning staatgemaak. Samuel se woorde van vermaning en die Here se bevestiging van sy woorde met die donderslae en stortreën het vir hulle perspektief gebring. In plaas daarvan dat hulle nou die nuwe koning ophemel as hulle verlosser het hulle groot ontsag gekry vir die Here en ook vir Samuel. Die Israeliete het uiteindelik tot die besef gekom dat hulle teen die Here gesondig het. Soos een man het die volk vir Samuel gevra:

Bid tot die Here u God vir ons sodat ons nie sterwe nie, want by al ons sondes het ons nog boonop 'n verkeerde ding gedoen deur vir ons 'n koning te vra. (1 Samuel 12:19 AFR83)

Israel besef dat hulle die regverdige oordeel van God oor hulle sonde verdien en nou het hulle nodig om tot die Here te nader in gebed. Dit is eintlik hartseer en tragies dat die Here eers met donderslae en stortreën Samuel se woorde moes bevestig voordat hulle tot hierdie besef gekom het dat God werklik almagtig is en dat sy Woord wet is. Wat moet gebeur voordat ons besef dat God ernstig is wanneer Hy ons oproep tot bekering? Die Here kan ook in ons dae met donderslae en stortreën sy Woord aan ons bevestig, maar wil Hy dit so doen? Die Seun van God het immers mens geword. Hy het ons lewe betree en ons skuld en sonde op Hom geneem. Vir drie ure lank was daar duisternis oor die hele aarde toe Hy aan die kruis gehang het. Uit die helse pyn en angs het Hy geroep: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR83). Wat meer moet God doen voordat ons sal besef dat God werklik 'n weersin in sonde het?

Nog 'n uiterlike teken gaan nie die wêreld of vir ons oortuig dat ons sondige lewe gevaarlik is nie. Met die sagte maar tog kragtige werking bring die Heilige Gees ons telkens deur die Woord voor ons eie sonde te staan en wys Hy ons keer op keer wat ons sonde aan Jesus gedoen het. Dit is die donderslae wat die Here tans in ons hart en ore laat weerklink. Salig is die mens wat in hierdie werk van die Heilige Gees die liefde van God erken en voor die almagtige God in ootmoed neerbuig en om vergifnis smee. Dit is werklik net die genade van die Here wat ons sover kan bring. En dit is net die genade van die Here dat ons deur die Gees ook die versekering kry dat ons skuld vergewe en uitgedelg is. Jesus Christus het immers uit die dood opgestaan as bewys dat die skuld ten volle klaar betaal is.

Luister nou net na hierdie troosryke woorde wat Samuel op aandrang van die Gees tot Israel spreek:

Moenie bang wees nie, julle het nou wel hierdie verkeerde dinge gedoen, maar moet nou net nie van die Here af wegdraai nie. Dien die Here met julle hele hart. Moenie agter afgode aan wegdraai nie. Hulle kan nie help of red nie, want hulle is niks. Ter wille van sy groot Naam sal die Here nie sy volk prysgee nie. Die Here het besluit om julle sy volk te maak (1 Samuel 12:20-22 AFR83).

Israel moet die Here vrees, ja, en dit beteken dat hulle ontsag en eerbied vir Hom het, maar hulle moenie bang wees vir Hom nie. Hulle moenie bang wees dat hulle nou deur hierdie sondige wens om 'n koning te wil hê sover gegaan het dat hulle nie meer hoop op verlossing en vergifnis het nie. Dit is waar, hulle sonde is inderdaad groot. Maar dit gaan mos nie oor hoeveel sondes of oor watter sonde 'n mens doen voordat jy skuldig is nie. Een enkele sonde is genoeg om jou skuldig te maak teenoor die Here. Samuel maak ook nie asof dit wat hulle gedoen het sommer niks is noudat hulle erken dat hulle verkeerd gedoen het nie. Hulle sonde is geweldig groot, maar Samuel gee aan hulle 'n goeie rede om te bly hoop en te volhard in hulle verhouding met die Here. Hulle moet net nie nou van die Here af wegdraai nie. Hulle moet Hom dien met hulle hele hart. Hulle moet al hulle vertrouwe in Hom alleen stel en nie op afgode of selfs op hulle nuwe koning nie.

Israel se verlossing hang nie af van hulle getrouheid aan die Here of hulle goeie werke nie. Hulle verlossing is net van God se genade afhanklik. Nie een keer word Israel aangesê om net harder te probeer sodat hulle God se seën van verlossing en vergifnis kan ontvang nie. Hulle word aangesê om op die Here te vertrou. God se eie getrouheid oor wie Hy is en wat Hy doen, is die fondament van ons hoop en verlossing.

Let op die groot dinge wat Hy vir julle gedoen het (1 Samuel 12:24 AFR83).

Uit die geskiedenis het Samuel dit al aangewys dat God sy volk nie gered het omdat sy volk die een of ander goeie werk gedoen het nie. Hy het hulle gered omdat hulle tot Hom geroep het om hulp weens hulle nood en hulle eie sonde, en nie omdat hulle die verlossing waardig is nie. God red net op grond van sy genade.

Geliefdes, ons moet hierdie saak baie goed begryp. God se behandeling van sy volk het nie verander toe Hy 'n koning vir hulle gegee het nie. Die seën en strawwe wat voorheen gegeld het, het ook gegeld toe Saul koning geword het. En wanneer 'n mens Deuteronomium 28 deurlees, kom 'n mens agter dat die grootste gedeelte aan die strawwe afgestaan word en nie aan die seëninge nie. Daar is 'n baie goeie rede daarvoor, en ons lees daarvan in Romeine 3:

Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is. Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

(Romeine 3:19-26 AFR83)

Dit is dus baie duidelik dat die wet nooit gegee is as 'n manier om verlos te word nie. Die wet vlek die sonde oop. Wat Samuel vir Israel gesê het, geld dus ook vir ons. Ons kan nie God oorreed om ons te verlos deurdat ons die wet meer getrou gehoorsaam nie. Niemand word gered omdat hy die wet onderhou nie. Die enigste hoop wat ons het om verlos te word, is om in Jesus Christus ons vertrouwe te stel wanneer ons ons skuld teenoor die Here bely. En die sekerheid wat ons het, is in God gevestig.

Ter wille van sy groot Naam sal die Here nie sy volk prysgee nie. Die Here het besluit om

julle (ons) sy volk te maak (1 Samuel 12:22 AFR83).

Ons kan dus seker wees dat die Here sal voltooi waarmee Hy begin het – nie oor wie ons is of oor wat ons doen of belowe nie, maar alleen oor wie Hy is.

Kyk net watter hoop en aanmoedig gee die Here aan ons wat nie aan God se standaard kan voldoen nie. Daar is nie een gelowige wat moet dink dat hy sover gegaan het dat hy nooit weer hoop op verlossing en vergifnis kan hê nie. Moenie dink dat jou verhouding met God onherstelbaar verbreek is deur jou sonde nie. **Almal het gesondig en is ver van God af** (Romeine 3:23 AFR83). Gemeet aan God se standarde, is daar nie een mens wat suksesvol is nie. Almal het gefaal en verdien die ewige straf van God. Ons hoop op verlossing is nie op wat ons kan regkry nie, maar op God se genade. Dit gaan uiteindelik nie daaroor of ons God gekies het nie, maar dat Hy ons gekies het. Dit gaan nie oor ons getrouheid nie, maar oor sy getrouheid. God is getrou. God is barmhartig. God is genadig. God is ons verlossing. Jesus het nie gekom vir die wat nie 'n verlosser nodig het nie, maar vir sondaars.

Ons hoef nie eers goed genoeg te word sodat God ons kan red nie. Ons is reeds sleg genoeg om te kwalifiseer vir sy genade. Israel moes uiteindelik agterkom dat dit nie swak leierskap was wat hulle lewe verswaar het nie, maar hulle sonde. Dit is weens ons sonde dat die lewe vir ons moeilik is. Kom ons stel ons vertrouwe net in Jesus Christus wat die straf op ons sonde in ons plek kom dra het. Hy is die enigste Koning wat ons kan vertrou om ons te verlos en op wie ons kan hoop vir 'n lewe van ewige vreugde.

Amen!

Slotgebed

Psalm 27:3, 6 (p. 127)

- 3 In tyd van onspoed is U my bevryder; / U berg my in die skuilplek van u tent.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder, / U het my pad deur dieptes heen gewend.
Dus bring ek U my offers van geklank, / en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei, / wees my genadig tog en antwoord my!
- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Oktober 2012